

# St. Josef, Eggenoot van Maria

## 19 Maart

(1ste eeu)

Al wat ons omtrent hierdie besonderse mens weet, is die bietjie inligting wat die Evangelies ons meedeel in die konteks van die geboorte en kinderjare van Jesus. Hy was heel duidelik die stil, sterk en getroue vader figuur op die agtergrond. Die beskerming en versorging van die Heilige Huisgesin was sy taak en dit het hy met groot liefde en toewyding nagekom. Alles dui daarop dat hy iemand was met 'n onwrikbare geloof in sy Skepper en dat hy sy eie rol in God se groter plan byna ongesiens maar in alle nederigheid na die beste van sy vermoë nagekom het. Pous Pius IX het in 1870 die heilige Josef tot beskermer van die Kerk uitgeroep en pous Johannes XXIII het hom in die besonder aangeroep as beskermer van die Tweede Vatikaanse Kerk konsilie. Volgens 'n baie ou tradisie het hierdie regverdige en regskape man (soos daar na hom verwys is) gesterf voordat die Here Jesus met sy openbare bediening begin het. Van ouds word St. Josef se voorspraak ingeroep by die beskerming van ons gesinne en vir die genadegawes om 'n goeie dood te kan sterf.

© Die Oratorium Uitgewery